Lykskouingsberadings- en inligtingsdiens

Die lykskouershof van Wes-Australië bied 'n diens wat help om inligting te gee oor die lykskouingsproses.

Personeel van die lykskouingsberadings- en inligtingsdiens kan help met die volgende:

- u help om die rol van die lykskouer te verstaan;
- die lykskouingsproses verduidelik, insluitend wat gebeur wanneer u teen 'n inwendige nadoodse ondersoek beswaar maak; en
- verwysings na dienste vir rou- en verliesberading.

Kontak die lykskouershof in kantoorure en vra om met 'n beampte van die lykskouingsberadings- en inligtingsdiens te praat.

Senior naasbestaandes

As deel van die lykskouingsproses het die senior naasbestaandes sekere regte. Die senior naasbestaande is die eerste persoon wat beskikbaar is (wat binne 'n kort tydperk gekontak kan word) uit die volgende persone in die volgende volgorde van prioriteit:

- iemand wat direk voor die sterfte by die oorledene gewoon het en óf:
  - wettig met die oorledene getroud was; óf
  - 18 jaar of ouer is en in 'n huwelikstipe verhouding met die oorledene was;

  of
- iemand wat direk voor die sterfte wettig met die oorledene getroud was; of
- 'n seun of dogter van die oorledene, wat 18 jaar of ouer is; of
- 'n ouer van die oorledene; of
- 'n broer of suster van die oorledene, wat 18 jaar of ouer is; of
- 'n eksekuteur wat in die testament van die oorledene genoem word of iemand wat direk voor die sterfte 'n persoonlike verteenwoordiger van die oorledene was; of
- enige iemand wat deur die oorledene aangewys is as iemand om in 'n noodgeval te kontak.

KONTAK

Lykskouershof (Coroner's Court) van Wes-Australië

Department of Justice
Central Law Courts
Level 10, 501 Hay Street
PERTH WA 6000

Kantoorure	08:30 – 16:30 Maandag – Vrydag
Foon	(08) 9425 2900
Faks	(08) 9425 2901
Platteland	1800 671 994
Webwerf	www.coronerscourt.wa.gov.au
E-pos	coroner@justice.wa.gov.au

Western Australia Police Force Coronial Investigation Squad

Foon	(08) 9267 5700

Beskikbaar 24 uur per dag, 7 dae per week

STEUNDIENSTE

Lifeline

Webwerf	www.lifeline.org.au
Foon	13 11 14

Griefline

Webwerf	https://griefline.org.au
Foon	1300 845 745

Trauma and Grief Network

Webwerf	http://tgn.anu.edu.au/reso

Services Australia

Webwerf	www.servicesaustralia.gov.au

2022

© Department of Justice
Hierdie publikasie is op aanvraag in ander formate beskikbaar.

Government of **Western Australia**
Department of **Justice**

Wanneer Iemand Skielik Sterf

Inligting vir gesinne

Lykskouershof
(coroner's court)

Wie is die lykskouer (coroner)?

Die lykskouer is 'n geregtelike beampte wat ingelig moet word wanneer 'n rapporteerbare sterfte plaasvind. Dit sluit in wanneer iemand sterf onder omstandighede wat onverwags, onnatuurlik, gewelddadig of as gevolg van besering is, of wanneer die persoon in sorg aangehou is.

Sodra 'n sterfte gerapporteer word, gewoonlik deur die polisie, dokters of hospitaalowerhede, het die lykskouer wetlike beheer oor die liggaam van die oorledene en moet hy/sy die volgende vasstel:

- die omstandighede rondom die sterfte;
- hoe die sterfte plaasgevind het;
- die oorsaak van sterfte; en
- die inligting wat nodig is om die sterfte te registreer.

Mag ek die oorledene sien?

Enige van die oorledene se naasbestaandes mag die liggaam besigtig. Reëlings sal getref word dat die oorledene na 'n lykshuis geneem word waar hy/sy besigtig kan word.

Die liggaam mag aangeraak word, tensy die lykskouer bepaal dat dit ongewens of gevaarlik is.

In Perth kan reëlings getref word deur die Staatslykshuis (State Mortuary) by (08) 6383 4884 te kontak of ná ure by (08) 6457 2536.

Op die platteland, kontak die plaaslike polisiestasie of die lykskouershof by (08) 9425 2900.

Moet ek 'n begrafnisondernemer kontak?

U mag 'n begrafnisondernemer van u keuse kontak sodra die oorledene gesterf het, sonder om te wag dat die lykskouer die liggaam vrystel.

U begrafnisondernemer sal die lykskouershof namens u kontak om die vroegs moontlike vrystellings- en begrafnisdatum te reël. Sodra die nadoodse ondersoek (indien van toepassing) en identifisering afgehandel is, sal die oorledene se liggaam aan u begrafnisondernemer vrygestel word.

Wat is 'n nadoodse ondersoek?

'n Nadoodse ondersoek is die metode om (indien moontlik) die oorsaak van sterfte te bepaal en aan te teken.

Dit behels 'n uitwendige en/of inwendige ondersoek van die oorledene se liggaam. Sommige weefsel- en bloedmonsters word gewoonlik bewaar vir laboratoriumontleding.

Ná die nadoodse ondersoek word die liggaam so na as moontlik aan sy oorspronklike toestand terugverander.

In die meeste gevalle word die liggaam onmiddellik ná die ondersoek vir die begrafnis of verassing vrygestel.

In sommige gevalle kan dit nodig wees dat organe behou word vir nader ondersoek. Dit moet in ag geneem word wanneer op 'n begrafnisdatum besluit word.

Inligting oor orgaanbehoud ná die nadoodse ondersoek is beskikbaar by die lykskouingsberadings- en inligtingsdiens (Coronial Counselling and Information Service).

Die senior naasbestaandes* mag versoek dat 'n dokter van hul keuse by die ondersoek teenwoordig is.

Wat is my regte?

(a) **Om beswaar te maak teen 'n inwendige nadoodse ondersoek.**

Tensy die lykskouer besluit dat 'n nadoodse ondersoek onmiddellik gedoen moet word, mag die senior naasbestaandes* beswaar maak teen 'n inwendige nadoodse ondersoek.

(b) **Om aansoek te doen om 'n inwendige nadoodse ondersoek.**

In sommige gevalle kan die lykskouer die mening huldig dat 'n inwendige nadoodse ondersoek nie vereis word nie. Indien die lykskouer jurisdiksie het, mag enige persoon versoek dat 'n inwendige nadoodse ondersoek op die liggaam gedoen word.

Wanneer moet ek beswaar maak of aansoek doen?

'n Beswaar teen of 'n aansoek om 'n inwendige nadoodse ondersoek moet so spoedig moontlik ingedien word.

Die lykskouer kan te eniger tyd voordat die ondersoek begin, besware teen 'n inwendige nadoodse ondersoek oorweeg.

Die lykskouer sal te eniger tyd voordat die liggaam vrygestel word, aansoeke om 'n inwendige nadoodse ondersoek oorweeg.

Die kortste tyd vir die begin van 'n nadoodse ondersoek hang af van 'n aantal praktiese faktore, insluitend die plek van sterfte en die dag van die week wanneer hierdie brosjure oorhandig is.

**definisie op agterkant van brosjure.*

Inwendige ondersoeke na sterftes in die Kimberley- en Pilbara-streek sal moontlik eers 72 uur nadat die brosjure oorhandig is, begin, om kontak met die senior naasbestaandes toe te laat en weens die lang reisafstande.

In ander plattelandse streke en die metropolitaanse gebied Perth sal die tyd moontlik korter wees, maar in elk geval sal 'n tydperk van minstens 24 uur toegelaat word om beswaar te maak, en nadoodse ondersoeke sal nie in naweke of op openbare vakansiedae gedoen word nie.

Om beswaar te maak teen of aansoek te doen om 'n inwendige nadoodse ondersoek, bel die lykskouershof by (08) 9425 2900 in kantoorure of die Wes-Australiese polisiemag se lykskouingsondersoekspan ná ure by (08) 9267 5700.

Voordat u besluit om beswaar te maak teen 'n inwendige nadoodse ondersoek, is dit belangrik om te oorweeg of daar enige kommer oor die omstandighede van die sterfte is.

Indien u beswaar wil maak teen 'n inwendige nadoodse ondersoek, moenie 'n datum vir die begrafnis vasstel nie, aangesien die beswaarproses 'n tyd lank kan duur.

Lykskouersverslag

Die lykskouer sal die uitslag van die nadoodse ondersoek skriftelik aan die senior naasbestaandes en enige naasbestaandes bekend maak.

Die senior naasbestaandes en enige naasbestaandes sal ook in kennis gestel word van die uitslag van die lykskouer se ondersoek.

Orgaan- en weefselskenking

Die senior naasbestaandes mag toestemming gee vir orgaan- en weefselskenking indien die oorledene nie aangedui het dat hy/sy nie 'n skenker wil wees nie.

U sal moontlik gekontak word deur 'n skenkerkoördineerder van DonateLife WA om die moontlikheid van orgaan- en weefselskenking te bespreek. Sê asseblief vir die polisie of lykskouingspersoneel as u nie deur 'n skenkerkoördineerder gekontak wil word nie.

Indien u orgaan- en weefselskenking wil bespreek, kan u die 24-uur-skenkerkoördineerder by die Sir Charles Gairdner Hospitaal kontak by (08) 6457 3333 (24 uur per dag, 7 dae per week).